

Vrydag 8 Januarie

Skrif- en Fokusgedeelte: Lukas 10:25-37; HK Sondag 2, Vraag 4

Die eis van die wet – 2

Die eis van Christus dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself, impliseer dat 'n mens ook jouself moet liefhê (vgl. Spr. 19:8; Ef. 5:28, 29). Hierdie self-liefde moet egter in God vasgeanker wees. Dit beteken dat 'n mens op grond van hierdie selfliefde jou eie lewe, vermoëns en besittings moet sien as gawes van God wat jy so goed as moontlik moet gebruik en beskerm (Matt. 25:14-46; Luk. 19:11-27). Jy moet ook vir jouself met die oog op die toekoms sorg (Spr. 6:8; 2 Tim. 1:6).

Die groot probleem waarmee 'n mens in hierdie verband te doen het, is dat selfliefde so maklik in selfsug kan ontaard. Dit beteken dat die selfliefde die liefde tot God en tot die naaste in mindere of meerdere mate oorheers, en dit mag nie. Dan ontstaan 'n sondige gesindheid wat ook maklik tot ander sondes kan lei (Fil. 2:3; Jak. 3:14, 16). Terwyl God die verkeerde gesindheid van haat met sy woede, afguns en wraaklus verbied, gebied Hy dat die Christen sy naaste moet liefhê soos homself (HK Antw. 107). Dit gaan dus vir God veral daarom dat die gelowige die regte gesindheid teenoor sy medemens moet openbaar. Daarom moet hy sy naaste liefhê soos homself, en sy naaste is enige mens met wie hy te doen kry (Luk. 10:25-37). Hy moet selfs sy vyand liefhê (Matt. 5:44-45).

Alles wat hy aan homself gun, moet die Christen ook aan sy naaste gun. Hy moet homself in die plek van sy medemens stel en vra: Wat sou ek onder sulke omstandighede van my medemens verwag? Die antwoord op die vraag moet vir hom 'n aanduiding wees hoe hy teenoor sy naaste moet optree. Christus sê immers: *“Alles wat julle wil hê dat die mens aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dat neer-kom in die wet en die profete”* (Matt. 7:12).

Op grond van sy naasteliefde moet die gelowige alles wat sy medemens kan benadeel of skade kan berokken, so ver as moontlik voorkom (Eks. 23:5). Hy moet ook positief sy belange bevorder en binne sy vermoë doen wat vir sy naaste die beste is (Luk. 10:25-37).

Met liefde vir die vyand as jou naaste word nie bedoel dat 'n mens nie teen jou vyand mag veg as dit nodig is nie. Wat bedoel word, is byvoorbeeld dat as 'n mens teen 'n vyand geveg en hulle oorwin het, jy daarna die ge-wondes en beseerdes nie aan hulle lot moet oorlaat nie, maar hulle dan so goed as moontlik met mediese hulp, kos, klere ensovoorts, versorg (Rom. 12:20-21).